Hoe presteer die studente wat so toi-toi en dans?

'n Aantal studente is woedend omdat die beloftes oor gratis tersiêre onderwys wat die regering en die ANC die laaste paar jaar gemaak het in die dun lug verdamp het. Die stille meerderheid studente wat net wil studeer, graad vang, en met loopbane begin, asook dosente wat met hulle werk wil aangaan, is net so kwaad en baie ontnugter.

Gratis hoër onderwys is 'n onbekostigbare gekheid. Totale gratis onderrig is trouens wêreldwyd 'n mislukking.

Maar hoe presteer die meer as 'n miljoen studente aan ons 26 universiteite? Gaan proteste slegs oor gratis hoër onderwys of is studente skaam kwaad omdat die stelsel, hoofsaaklik op Westerse norme en standaarde gegrondves, hulle in die steek laat sodat hulle nie suksesvol kan studeer nie? Is dit juis die rede vir die aandrang op Afrikanisering en dekolonisering? Wat is die rendement op die staatsubsidie van R36,9 miljard wat vanjaar aan universiteite bestee word? Slaag ons universiteite daarin om naastenby in die vaardigheidsbehoeftes te voorsien?

'n Daling in graduering

Meegaande figuur en tabel toon dat die graduering van swart en bruin studente daal. Taal is 'n belangrike oorsaak. Skoolhoofde van Afrikaanse bruin skole sê hulle leerders studeer moeilik aan Engelstalige universiteite en derhalwe behaal slegs 6% van die bruin leerders B-grade. Engels is die huistaal van net 2,9% van die swart bevolking. 'n Instituut aan die Universiteit van Kaapstad het bewys dat swart sekondêre skoolverlaters vyf jaar agter hulle bevoorregte wit eweknieë is. Slegs 9% van die swart leerders behaal B-grade. Swart studente uit Afrika presteer veel beter as Suid-Afrikaanse studente. Wat 'n aanklag teen on onderwysstelsel. (Kyk Figuur 2.)



Figuur 1

Maatskaplike en ekonomiese faktore het ’n groot invloed op suksesvolle studie. Baie swart en bruin studente is arm, het swak huisvesting en ly selfs honger. Maar bevoorregte wit studente se prestasies van 29% is ook maar power.

Die figuur toon egter ’n vinnige styging in graduering van wit studente sedert 2000 tot 2010. ’n Belangrike rede hiervoor is dat die kwotastelsel veroorsaak het dat wit studente strenger gekeur word en hard moet werk om beurse en koshuisplekke te behou.



Figuur 2

Die oorlaaide stelsel het geknak

Die dalende tendens van graduering van swart en bruin studente sedert 1990 en wat veral ná 2012 voortgesit word, kan in groot mate daaraan toegeskryf word dat die universiteite oorlaai is. Studentegetalle het sedert 1994 verdubbel terwyl staatsbesteding in reële terme gedaal het.

Die student-dosent-verhouding het vinnig verswak en standaarde laat daal. ’n Student laat nie sy maatskaplike agtergrond tuis wanneer ’n universiteitskampus betree word nie. Hoe word 5|000 en selfs meer as 10|000 nuwelingeerstejaars op ’n kampus gehelp om die biblioteek, inligtingstelsels, ens. sinvol te gebruik? Swart studente kla dat hulle met beurse gelok word maar daarna aan hul eie lot oorgelaat word.

Hoort almal op die kampusse?

Wie word gebluf deur ’n skoolstelsel waar ’n nasionale senior sertifikaat verwerf kan word deur ’n slaagsyfer van 40% in drie vakke en 30% in elk van die ander drie vakke? En dan

universiteitstoelating verkry met dié sertifikaat en vier aangewese vakke, soos wetenskap, met slaagsyfers van 50% tot 59%?

Slegs een-derde van alle universiteitstudente beskik oor die kognitiewe-, taal- en intellektuele vermoë om suksesvol te studeer. Die departement van hoër onderwys en opleiding en universiteite weet dat die studente nie kan slaag nie. Is dit regverdig en eties om hierdie studente se geld te vat? Kan ons hulle verkwalik dat hulle só woedend is dat hulle geboue afbrand en die toekoms van medestudente verwoes? Ongeveer een-derde of 60|000 van die 180|000 nuwelingeerstejaars gaan vanjaar druip. Na raming sal 200|000 studente druip. Hulle het niks om te verloor nie en is die voorbokke tydens protesoptredes.

Nogtans is die projeksies dat die studentegetalle met 600|000 tot 1,6 miljoen moet styg. En transformasie word op alle vlakke van die universiteite meedoënloos gedryf. Geen einde aan die politieke en ideologiese waansin nie! Daar is blykbaar geen verset van universiteitsbesture en –rade – individueel of kollektief – teen hierdie vernietigende stelsel nie. Geen wonder nie dat uitnemende dosente ander heenkomes soek en vlagskip buitelandse universiteite talentvolle studente met beurse werf.

’n Stelsel tot mislukking gedoem?

Na raming verlaat 55% van alle studente die universiteit ná vyf jaar sonder ’n graad. By residensiële universiteite is dié syfer 45% en by Unisa 78%. Net 27% van die studente behaal ’n B-graad ná drie jaar se studie.

Voorafgaande swak prestasies verbloem die uitstekende prestasies van wit en swart studente aan die ses of sewe tradisionele universiteite. Die Raad op Hoër Onderwys en die Nasionale Ontwikkelingsplan erken dat die stelsel swak presteer en nie aan die verwagtinge voldoen nie. Statistieke Suid-Afrika toon dat die persentasie professionele swart geskooldes ná 20 jaar van demokrasie minder is as hulle vorige eweknieë. Dr Pali Lehohla, statistikus-generaal, noem dit “a cocktail of disaster”. Geen regdenkende mens kan die noodsaaklikheid van ’n verteenwoordigende studente- en personeelsamestelling betwis nie. Die tempo waarteen dit geskied voorspel ellende vir almal.

Opsomming van ’n referaat gelewer op 7 Oktober 2016 voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof. Flip Smit doen navorsing oor hoër onderwys.